# Brokkies Nuus—Brenties
## Junie 2014

*Dapper Stappers* het saam met Josef sy bont kleed "gedra", saam met hom in die put en tronk gesit, maar ook saam met hom sy koningskap gevier! Moses se verhaal het begin by die baba in die mandtjie reg deur na die 10 plae en die hardkopige Farao.









Die *Verkleurmannetjie* het die kwartaal geleer van **SONDE!** Wat is sonde, wat doen sonde aan ons en wat kan ons doen om nie te sondig nie! Die stories, speletjies en aktiwiteite het die boodskap goed oorgedra.

GROEI GOGGAS weet nou dat NET Jesus jou kan red! Sy bloed was ons swart harte skoon! Die "arme ryk jongman" het sy geld bo Jesus gekies…. Handelinge 16:31 Glo in die Here Jesus, en jy SAL gered word





### *Opleiding vir HEY aanbieders en helpers*

Saterdag 24 Mei was gevul met pret, sang en baie inligting!


Saam met ander kinderbedienaars in Gauteng het ons HEY vrywilligers opleiding ontvang vir 3-5jr, 6-8jr en 9-12jr ouderdomsgroepe. Prys die Here vir mense wat passievol is oor kinders, wat 'n verskil wil maak in kinders, en wat bereid is om dit met ander te deel om dieselfde te doen! Ons is beslis nie volleerd nie, maar het baie nuwe idees gekry!











### *Gebedsweek by Brenties*

Van 2-6 Junie was die mediasentrum omskep in 'n sprokies-gebedskamer. Kinders en personeel kon tydens pouse kom bid en gebedsversoeke neerskryf. Dit was voorwaar 'n groot sukses. Dankie aan al die "bid-mammas" en HEY tannies wat gehelp het!

**Dankie vir jou gebede en liefde !**
**Juanita Lee**
**072 637 4882**

***Wonderlike Nuus! HEY begin in die derde kwartaal ook in Oos-Rand Akademie Privaat skool in Pomona!!!!***